

26 Junie

## Vrede te midde van aaklige omstandighede

**Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9**  
**Fokusgedeelte: Filippense 4:6-8**

Omstandighede kan 'n mens se lewe só versuur dat jy geheel en al swartgallig word en oor niks anders kan dink as jou probleme nie. Dan begeer jy dat God sal ingryp en jou omstandighede verander.

Hier kry ons 'n omvattende uitnodiging met 'n wonderlike belofte. *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak **in alles** julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.* Daar is dinge in die lewe wat ons niks aan kan doen nie. Hierdie dinge is in besonder God se werksterrein. Jy kan Niemand anders met die onmoontlike vertrou nie!

*En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.* Dit wat die verstand te bowe gaan, kan nie rasioneel verklaar word nie. God belowe nie dat Hy altyd, en veral nie volgens jou skedule, jou omstandighede sal verander nie. Maar Hy belowe dit wat ondenkbaar is: vrede te midde van aaklige omstandighede.

Waar jy kinderlik op God vertrou, bewaak sy vrede in Christus jou hart en verstand. Immers het Christus die grootste kwelling weggeneem: die kommer oor die lewe na die dood. God se vrede impliseer egter nie passiewe geluksaligheid ten alle tye nie. Dit vra dat jy aktief negatiewe gedagtes uit jou hart en verstand sal ban en sal fokus op die positiewe, veral die mooi in ander.

Dan ervaar jy nie net God se vrede nie, maar ook sy teenwoordigheid, en is jy nie meer 'n swartgallige slagoffer nie, maar 'n positiewe vredemaker.

*Sing: Psalm 66:6-7 (1936-beryming)*

*Ds. Dirk Pansegrouw (Oos-Londen)*